

SUMMARY

This article explains the precise mechanism of the important group of drugs called beta-adrenergic blocking agents. The therapeutic indications and efficacy of the drugs are described. Sinister side effects are highlighted and suggestions are given for the correct selection of the most appropriate drug for the purpose intended.

1. The antihypertensive effects are probably due to a combination of pharmacological properties:

- an effect on the central regulation of blood pressure
- a blocking action on the adrenergic neuron or
- an antirenin effect
- increase in baroreceptor sensitivity
- hypotension as a result of reduced cardiac output.

2. Antiarrhythmic effect of these drugs is a direct result of the beta-1-receptor blocking property with resultant negative inotropic,

dromotropic and chronotropic influence as well as diminished automaticity. Their membrane stabilising abilities thus have no part in the antiarrhythmic result.


Indications for the use of beta-blockers as antiarrhythmics are:

- Supraventricular arrhythmia after infarction
- atrial fibrillation that does not respond to digitalis
- the Wolff-Parkinson-White syndrome
- paroxysmal atrial tachycardia (although verapamil is the drug of choice)

The dangers involved in the use of these drugs are disturbance at the A-V-conduction, bradycardia and heartblock. Total A-V dissociation with resultant cardiac arrest may occur.

DR. L. WALTERS

Die Beta-Adrenerge blokkeermiddels



DIE BETA-ADRENERGE BLOKKEERMIDDELS

Lesing-inhoud:

- (1) Struktuur-aktiwiteits verwantskap
- (2) Farmakologie:
 - (a) Beta-1-reseptor blokkade
 - (b) Beta-2-reseptor blokkade
 - (c) Kardioselektiwiteit
 - (d) Membraanstabilisering
 - (e) Intrinsieke simpatiese aktiwiteit
 - (f) Farmakokinetika
- (3) Die terapeutiese gebruik:
 - (a) Hipertensie
 - (b) Angina pectoris
 - (c) Miokard infarksie
 - (d) Anti-aritmies
 - (e) Angsneurose, Parkinsonisme, hipertirose e.s.m.
- (4) Die keuse en dosering van 'n beta-blokkeermiddel

(1) STRUKTUUR-AKTIWITEITS VERWANTSKAP:

Die adrenerge reseptore kan verdeel word in alfa-adrenerge reseptore en beta-adrenerge reseptore. Die alfa-adrenerge reseptore veroorsaak, wanneer gestimuleer, depolarisering en sametrekkings van alle gladdespierbehalwe die dermwand. Stimulering van die beta-adrenerge reseptore veroorsaak hiperpolarisering en ver-

slapping van gladdespier, 'n positiewe inotropie en chronotropie asook glikogenolise en lipolise. Die beta-adrenerge reseptore word verder verdeel in beta-1-reseptore en beta-2-respote.⁽¹⁾⁽⁴⁾

Verspreiding van adrenerge reseptore:

ORGaan	Tipe Reseptor
Hart	beta-1
	beta-1
	beta-1
Metaboliese effekte	beta-1
Brongi	beta-2
Uterus	beta-2
Spierbloedvate (arterioli)	beta-2
Vel en slymvlies — arterioli	alfa
Dermwand	alfa en beta

Die endogene katesjolamienie nl. noradrenalien, adrenalien en dopamien, asook die geneesmiddels isoproterenol, dobutamol, heksoprenalien, salbutamol, metoksamien en nog ander almal agoniste by die adrenerge reseptore. Sommige van hierdie verbindings sal beide alfa- en

beta-reseptore stimuleer en ander sal meer selektief optree en net beta-reseptore of selfs net beta-1-reseptore stimuleer. Die verspreiding van die adrenerge reseptore bepaal die effek van hul stimulasie.⁽¹⁾⁽⁴⁾

Die beta-adrenerge blokkeermiddels is kompeterende antagonistie van bg. agoniste by die beta-adrenerge reseptore. Sommige van die middels blokkeer relatief selektief die kardiale beta-1-reseptore, sonder om die beta-2-reseptore in die brongi en skeletspier-arterioli te blokkeer.⁽¹⁾⁽⁴⁾

dels is kompeteterende antagonistie van bg. agoniste by die beta-adrenerge reseptore. Sommige van die middels blokkeer relatief selektief die kardiale beta-1-reseptore, sonder om die beta-2-reseptore in die brongi en skeletspier-arterioli te blokkeer.⁽¹⁾⁽⁴⁾

DIE BETA-ADREN BLOKKEERMIDDEL:

STRUKTUUR-AKTIWITEITS VERWANTSKAP

AGONIS:


FARMAKOLOGIES-AKTIWE MIDDLE WAT OOR AFFINITEIT EN INTRINSIEKE AKTIWITEIT BY SPESIFIËKE RESEPTORE BESKIK.

INTRINSIEKE AKTIWITEIT:

VERMOË VAN 'N AGONIS OM 'N STIMULUS TE ONTLOK.

KOMPETERENDE ANTAGONIS: 'N GENEESMIDDEL WAT SLEGS OOR AFFINITEIT BESKIK EN VAN DIE RESEPTOR VERPLAAS KAN WORD DEUR DIE KONSENTRASIE VAN DIE AGONIS TE VERHOOG.

STRUKTUUR-AKTIWITEITS VERWANTSKAP. MEGANISME VAN BETA-BLOKKADE



(2) FARMAKOLOGIE

(a) Beta-1 reseptor blokkade:⁽¹⁾⁽³⁾⁽⁴⁾

Hier word dus 'n blokkade van die endogene katesjolamiene oftewel die fisiologiese simpatiese effek

bewerkstellig. Die resultaat van hierdie blokkade is gelokaliseer volgens die anatomiese verspreiding van beta-1-adrenerge reseptore en dus word die hart, koolhidraat en vetmetabolisme

beïnvloed:

(i) Kardiale effekte:

Dit is belangrik om te besef dat die beta-adrenerge blokkeermiddels slegs uitgesproke kardiale effekte het, indien die simpatiese tonus hoog is.⁽¹⁾⁽⁴⁾

— onderdrukking van outomatische ontlasting met neg. chronotropiciteit

— vertraagde geleiding in A.V.-knoop en ventrikels

— negatieve inotropie oftewel verminderde kontraktiliteit

(ii) Metaboliese effekte:

Remming van glikogenolise en lipolise. Hipoglukemie kan veroorsaak word by 'n diabetiese pasiënt wat met insulien behandeld word.⁽¹⁾

(b) beta-2-reseptor blokkade:

(i) Die beta-2-reseptore wat in die skeletspierarterioli teenwoordig is word blokkeer en dilatasie van hierdie vate word voorkom. Hierdie effek dra egter min by tot die algemene toestand van die sirkulasie.

(ii) Verslapping van die brongiale gladdespier en die miometrium word voorkom deur beta-2-blokkade.

(c) Kardioselektiwiteit:

Hierdie term dui die relatiewe vermoë van 'n beta-blokkermiddel aan, om die effek van 'n uitgesproke simpatiese stimulus by die beta-1-reseptore te blokkeer, terwyl dit nie die effek van hierdie stimulus by beta-2-reseptore beïnvloed nie.⁽⁸⁾

Hierdie eienskap is van kliniese belang:

(i) Indien brongospasma a.g.v. gebruik van die middel voorkom, kan dit met 'n standaarddosering van 'n beta-2-stimulant opgehef word.⁽¹⁾⁽³⁾⁽⁴⁾⁽⁸⁾

(ii) Die kardioselektiewe beta-

blokkeerders is minder geneig om hipoglukemie by diabetiese pasiënte wat met insulien behandeld word, te veroorsaak.⁽³⁾⁽⁸⁾

(iii) By die behandeling van angina pectoris mag die kardioselektiewe middels moontlik 'n voordeel bo die ander he.⁽³⁾⁽⁸⁾

(iv) By pasiënte met Raynaud se verskynsel, intermitterende kloudikasie en koue ekstremitete a.g.v. die gebruik van beta-blokkermiddels is daar 'n indikasie vir die gebruik van die kardioselektiewe tipes.⁽³⁾⁽⁶⁾⁽⁸⁾

Die kardioselektiewe beta-blokkermiddels is praktolol, atenolol en metoprolol.⁽¹⁾⁽⁴⁾⁽⁸⁾ Asebutolol was tot onlangs as kardioselektief beskou, maar dit word tans bevragegtken.⁽⁶⁾

Dit moet beklemtoon word dat hierdie kardioselektiwiteit relatief is, en dat selfs die gebruik van praktolol kan lei tot brongospasma in gevoelige pasiënte.⁽⁴⁾


(d) Membraanstabilisering:

Dit is beweer dat sommige van die effekte van hierdie middels veroorsaak word deur hul binding aan spesifieke membraanreseptore, waardeur hulle 'n lokaalverdowende of kinidienagtige effek uitoefen.⁽¹⁾⁽⁴⁾ Hierdie effek vind egter nie by farmakologiese doseringen plaas nie.⁽¹⁾⁽⁴⁾

(e) Intrinsieke simpatiese aktiwiteit:

Propranolol, sotalol, atenolol en metoprolol is suwer kompetente antagonisme by beta-adrenerge reseptore. Die ander middels het almal 'n mate van intrinsieke aktiwiteit, maar omdat dit nie in betekenisvolle mate by die mens aangetoon kan word nie, kan hulle nie as dualiste beskou word nie.⁽¹⁾⁽³⁾⁽⁴⁾


STRUKTUUR-AKTIWITEITS VERWANTSKAP VAN PROPRANOLOL BY DIE SIMPATIESE RESEPTORE



- (a) AFFINITEIT MAAR GEEN INTRINSIEKE AKTIWITEIT NIE.
 (b) AFFINITEIT BY BEIDE β_1 EN β_2 RESEPTORE - DUS NIE-SELEKTIEF.

STRUKTUUR-AKTIWITEITS VERWANTSKAP VAN ATENOLOL BY DIE SIMPATIESE RESEPTORE

„TENORMIN”



(a) AFFINITEIT BY β_1 -RESEPTOR EN ADDIS. RESEPTOR AREA; GEEN 1.A.

(b) RELATIEF BAIE MIN AFFINITEIT BY β_2 -RESEPTOR; DAAROM 'N SELEKTIEWE β -BLOKKERMIDDEL.

Die beweerde gedeeltelike agonistiese aktiwiteit is dus nie werklik van waarde sodat asebutolol, alprenolol, oksprenolol, prindolol en praktolol nie by pasiënte met asma of verlaagde kardiale omset gebruik kan word nie.⁽⁴⁾

(f) Farmakokinetika⁽¹⁾⁽³⁾⁽⁸⁾


(i) Al die beta-blokkermiddels is swak basisse met pKa-waardes van hoër as 9.5.

(ii) Absorpsie vanuit die gastro-intestinale kanaal is vinnig en binne 3 ure voltooi.

(iii) Die biobeskikbaarheid van alprenolol en propranolol is swak weens 'n groot mate van presistemiese eliminasie. Metoprolol en oksprenolol word ook omrent

50% presistemies elimineer.
(iv) Die middels het 'n groot skynbare volume van distribusie en versprei dus ekstravaskulêr. Propranolol het bv. 'n brein: bloed-verhouding van 33:1.⁽⁸⁾
(v) Metoprolol, propranolol, alprenolol en oksprenolol word hoofsaaklik deur leverbiotransformasie elimineer, terwyl die ander in 'n wisselende mate deur die niere uitgeskei word.⁽¹⁾
(vi) Die biologiese halflewe van die beta-blokkere is heelwat langer as hul eliminasie halflewe. Tog kan slegs atenolol, sotalol en asebutolol eenmaal daagliks toegedien word en die res moet twaalfuurlik toegedien word.⁽¹⁾

STRUKTUUR-AKTIWITEITS VERWANTSKAP MEGANISME VAN BETA-BLOKKADE



DIE GRAAD VAN BLOKKADE WORD BEPAAL DEUR DIE RELATIEWE KONS. VAN DIE AGONIS EN KOMP. ANTAG.

(3) DIE TERAPEUTIESE GEbruIK VAN DIE BETA-BLOKKERMIDDEL:

(a) Hypertensie:

Meganisme van werking:

(i) Al die beta-blokkereers het 'n hipotensieve effek, onafhanklik van hul kardioselektiwiteit of membraanstabiliserende effek.⁽⁴⁾
(ii) Hul antihipertensieve werkwyse is waarskynlik a.g.v. 'n kombinasie van farmakologiese effekte.⁽⁴⁾

- 'n Effek op die sentrale regulering van bloeddruk
- 'n Adrenerge neuron blokkerende effek, of
- 'n anti-renien effek
- Verhoging van die baroreceptor se gevoeligheid

— Hipotensie sekondêr tot verminderde kardiale omset
Voordele van dié middels:

Die beta-blokkereers word weens die volgende redes as

keusemiddels by die behandeling van hypertensie beskou:⁽¹⁾⁽⁴⁾

(i) Hierdie middels toon nie die volgende nadelige effekte nie

- posturale hipotensie
- oefeningshypertensie
- impotensie
- ongunstige wisselwerkings met ander middels


(ii) Hierdie middels het voordele bykomend tot hul antihipertensieve effek

- Dit is waarskynlik effektiewe profilakse teen migraine
- Dit kan angina pectoris en kardiale aritmie beheer
- Dit is moontlik beskermend teen die verhoogde risiko van isgemiese hartsiekte by hypertensieve pasiente

(iii) Dit is deurlopend effektief in eenmalige of twaalfuurlike doseringe vanaf ongeveer 24 uur na die aanvang van behandeling.⁽⁴⁾

(iv) Die terapeutiese indeks van hierdie middels is groot.

DIE BEHANDELING VAN HIPERTENSIE



<p>(b) Angina pectoris: Meganisme van werking: (i) Die belangrikste anti-angina effek van die beta-blokkeermiddels is waarskynlik a.g.v. blokkade van die beta-1-reseptore met gevolglike negatiewe inotropie en chronotropie. Dit veroorsaak 'n vermindering van miokardiale suurstof aanvraag en verbruik. (ii) Afname in die arteriële bloeddruk en die kardiale nabelading mag ook 'n rol speel om die suurstof aanvraag te verminder. (iii) Die koronêre arterioli by die isgemiese gebied van die miocard is reeds maksimaal gedilateer a.g.v. die hipoksie en beta-2-reseptor blokkade sal geen vasoconstrictoriële effek uitoefen nie. Dit kan teoreties egter die arterioli by die gesonde miocard relatief vernou en dus die bloedvloei deur die bg. maksimaal gedilateerde bloedvate na die isgemiese area vermeerder. Sodoende veroorsaak dit dus ook 'n verhoogde suurstof lewering na die isgemiese miocard.</p> <p>Verlaagde drempelwaarde vir angina: Weens die negatiewe inotrope effek sal die linker ventrikel se afmetings of deursnit by alle pasiënte in 'n mate toeneem.⁽⁴⁾ Die ventrikelwandspanning neem dus toe met 'n toename in suurstof-aanvraag en 'n verlaagde drempelwaarde vir angina. Ten spye van hierdie effek sal die meeste pasiënte tog meer pynvrye oefening kan doen.⁽¹⁾ Die gunstige wisselwerking van die beta-blokkeermiddels met die nitrate word volgens hierdie meganisme verklaar. Die nitrate verminder die veneuse terugvoer a.g.v. direkte veneuse dilatasie en veroorsaak dus 'n verlaagde voorbelading met minder dilatasie van die linker ventrikel en verminderde suurstof aanvraag.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>Reaksies as 'n funksie van voldoende dosering: Die kriteria waaraan optimale reaksie gemeet kan word is of verligting van die isgemiese pyn of verlaging van die staande polstempo tot ongeveer 55 slae per minuut.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>Skielike ont trekking van terapie: Dit is belangrik om te besef dat die skielike ont trekking van die beta-adrenerge blokkeermiddels 'n verhoogde insidensie van isgemiese pyaanvalle en selfs miocard infarksies kan presipeer.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>(c) Miocard infarksie: (i) Na 'n akute infarksie word die middels gebruik vir die beheer van supraventrikulêre aritmieë, isgemiese pyn en om herinfarksie te voorkom. Daar is 'n afname in die insidensie van skielike dood</p>	<p>binne 24 uur na die incident by pasiënte met anterior infarkses.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>(ii) Die middels veroorsaak 'n afname in mortaliteit by pasiënte wat dit gebruik na die akute episode vir langtermyn profilakse teen 'n herinfarksie.⁽⁴⁾</p> <p>(iii) Moontlik ook by pasiënte met angina pectoris.⁽³⁾⁽⁴⁾⁽⁸⁾</p> <p>Die middels van keuse by hierdie pasiënte is dus atenolol en metoprolol en moontlik ook asebutolol. Dit is altyd beter om 'n middel met 'n langer halflewe toe te dien sodat 'n eenmaal daagliks dosering gebruik kan word. Dit is bewys dat pasiënte meer betroubaar is om 'n daagliks dosering as 'n twaalfuurlikse of driemaal daagliks dosering te neem. Atenolol het 'n eliminasié halflewe van 9 uur en metoprolol het 'n halflewe van 4 uur. Atenolol het ook 'n beter biobesikbaarheid as metoprolol.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>Die middel van keuse by hierdie groep pasiënte is dus atenolol. In meeste gevalle van behandeling met atenolol is 'n dosering van 100 mgm daagliks voldoende. Dit is sowel by angina profilakse as by hypertensie. Die kriteria van optimale dosering is die suksesvolle verlaging van die bloeddruk, vermindering of afwesigheid van isgemiese pyn by pasiënte met angina en die verlaging van die staande polstempo tot ongeveer 55 slae per minuut.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>(b) Waar die relatiewe kardioselektiwiteit nie 'n faktor is nie, sou die logiese keuse 'n middel met 'n lang eliminasié halflewe en goeie biobesikbaarheid wees.⁽⁴⁾⁽⁸⁾</p> <p>Sotalol, atenolol en asebutolol voldoen aan hierdie vereistes, en as die koste van die middels in aanmerking geneem word, is sotalol die middel van keuse.</p> <p>(c) By pasiënte met ingekorte nierfunksie is die middels wat nie in 'n groot mate onveranderd deur die niere uitgeskei word nie aangedui. Hierdie middels is metoprolol en oksprenolol, waarvan metoprolol waarskynlik die keusemiddel is weens sy langer eliminasié halflewe.⁽¹⁾⁽⁴⁾⁽⁶⁾</p> <p>(d) Nuwe-effekte en tekortkominge van sommige van hierdie middels:</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) Propranolol: <ul style="list-style-type: none"> — Kort eliminasié-halflewe (3 uur) — 70% presistemiese eliminasié (swak biobesikbaarheid) — Plasmavakkie varieer twintigvoudig interindividueel — Neig om kliniese moegheid en depressie te veroorsaak — Kan aanleiding gee tot drome, hallusinasië en slaaploosheid. (Word in brein gekonsentreer weens hoë mate van vetoplosbaarheid). — Is geneig om perifere vaskulêre inkorting te vererger. (ii) Prindolol: <ul style="list-style-type: none"> — Kan op 'n paradoksale wyse hypertensie veroorsaak wanneer dit in hoë doserings toegedien word. 	<p>(ii) Pasiënte met inkorting van die perifere sirkulasie.⁽³⁾⁽⁴⁾⁽⁸⁾</p> <p>(iii) Moontlik ook by pasiënte met angina pectoris.⁽³⁾⁽⁴⁾⁽⁸⁾</p> <p>Die middels van keuse by hierdie pasiënte is dus atenolol en metoprolol en moontlik ook asebutolol. Dit is altyd beter om 'n middel met 'n langer halflewe toe te dien sodat 'n eenmaal daagliks dosering gebruik kan word. Dit is bewys dat pasiënte meer betroubaar is om 'n daagliks dosering as 'n twaalfuurlikse of driemaal daagliks dosering te neem. Atenolol het 'n eliminasié halflewe van 9 uur en metoprolol het 'n halflewe van 4 uur. Atenolol het ook 'n beter biobesikbaarheid as metoprolol.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>Die middel van keuse by hierdie groep pasiënte is dus atenolol. In meeste gevalle van behandeling met atenolol is 'n dosering van 100 mgm daagliks voldoende. Dit is sowel by angina profilakse as by hypertensie. Die kriteria van optimale dosering is die suksesvolle verlaging van die bloeddruk, vermindering of afwesigheid van isgemiese pyn by pasiënte met angina en die verlaging van die staande polstempo tot ongeveer 55 slae per minuut.⁽¹⁾⁽⁴⁾</p> <p>(b) Waar die relatiewe kardioselektiwiteit nie 'n faktor is nie, sou die logiese keuse 'n middel met 'n lang eliminasié halflewe en goeie biobesikbaarheid wees.⁽⁴⁾⁽⁸⁾</p> <p>Sotalol, atenolol en asebutolol voldoen aan hierdie vereistes, en as die koste van die middels in aanmerking geneem word, is sotalol die middel van keuse.</p> <p>(c) By pasiënte met ingekorte nierfunksie is die middels wat nie in 'n groot mate onveranderd deur die niere uitgeskei word nie aangedui. Hierdie middels is metoprolol en oksprenolol, waarvan metoprolol waarskynlik die keusemiddel is weens sy langer eliminasié halflewe.⁽¹⁾⁽⁴⁾⁽⁶⁾</p> <p>(d) Nuwe-effekte en tekortkominge van sommige van hierdie middels:</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) Propranolol: <ul style="list-style-type: none"> — Kort eliminasié-halflewe (3 uur) — 70% presistemiese eliminasié (swak biobesikbaarheid) — Plasmavakkie varieer twintigvoudig interindividueel — Neig om kliniese moegheid en depressie te veroorsaak — Kan aanleiding gee tot drome, hallusinasië en slaaploosheid. (Word in brein gekonsentreer weens hoë mate van vetoplosbaarheid). — Is geneig om perifere vaskulêre inkorting te vererger. (ii) Prindolol: <ul style="list-style-type: none"> — Kan op 'n paradoksale wyse hypertensie veroorsaak wanneer dit in hoë doserings toegedien word. 	<p>— Het 'n kort eliminasié-halflewe (3 uur).</p> <p>— Veroorsaak drome, nagmerries en hallusinasiës.</p> <p>— Gee aanleiding tot spierkramp.</p> <p>(iii) Alprenolol: Kort eliminasié-halflewe (3 uur).</p> <p>— Swak biobesikbaarheid.</p> <p>(iv) Oksprenolol: — Kort eliminasié-halflewe (1-2 uur).</p> <p>— Biobesikbaarheid is 40%.</p> <p>(v) Labetalol: Hierdie is 'n middel wat beide die alfa en beta-adrenerge reseptore blokkeer.</p> <p>Hierdie middel het geen bewysde voordeel bo die beta-blokkeerders by die langtermyn orale behandeling van hypertensie nie, en veroorsaak posturale hipotensie. Dit kan wel baie effektiel as intraveneuse behandeling by hypertensieve krisisse gebruik word.</p> <p>BRONNELYS</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Dr K. Sommers (1976), Farmakologie (Butterworth & Kie), 24-25. 2. H. J. Waal-Manning (1979), Drugs 17: 157-160. 3. H. J. Waal-Manning (1976), Drugs 12: 412-441. 4. D. G. McDevitt (1979), Drugs 17: 267-288. 5. R. G. Wilcox (1978), Br.M.J. 2: 383. 6. C. R. Kumana (1979), Recent advances in Clinical Pharmacology 31-51. 7. B. N. C. Prichard (1978), Br. J. Clin. Pharmac. 5, 379-399. 8. R. C. Heel et al (1979), Drugs 17: 425-460. 9. M. Anthony (1978), Drugs 15: 249-250. 10. R. N. Brodgen (1978), Drugs 15: 251-270.  <p>DIE SKRYWER: Dr Loubie Walters kwalificeer met MB Ch B (Pret.) in 1968 en doen dan sy intern jaar asook 'n senior huisdokterskap in die departement Interne Geneeskunde by die H. F. Verwoerd Hospitaal. Hierna is hy vir 2 jaar 'n mediese beampte by die Verre Oosrand Hospitaal en ook assistent distriksgeneesheer van Springs. Hy vestig hom in privaat praktyk in Pretoria vanaf 1971 totdat hy in 1979 die pos van senior lektor in die departement Farmakologie van Pretoria Universiteit aanvaar. Hy behaal die M. Pharm. Med met lof in 1979 aan Universiteit Pretoria.</p>
--	--	--	--